

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Rive (31/84) [1985] ZASCA 110 (27 September 1985)

[1985] ZASCA 110

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Jansen, Hoexter, Nicholas

CASE / FILE NUMBER

31/84

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

LOUIS FRANCOIS RIVE en DIE STAAT

Saak Nr 31/84 mp IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPELAFDELING)

In die saak tussen:

LOUIS FRANCOIS RIVE Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: JANSEN, HOEXTER AR en NICHOLAS WAR

VERHOOR: 13 September 1985 GELEWER: 27 September 1985

UITSPRAAK

HOEXTER, AR

2.

HOEXTER, AR,

Dit is 'n appèl teen vonnis in 'n strafsak. Die appellant is 'n 25-jarige mynwerker. Op 13 Mei 1982 is hy in die landdroshof te Klerksdorp aan 'n oortreding

van art 2(b) van Wet 41 van 1971 skuldig bevind. Uit die

aangevoerde getuienis blyk dat die appellant met 1½ gram

dagga in sy besit deur die polisie betrap is. Hom is 'n vonnis van twee jaar gevangenisstraf opgelê. Die appellantse daaropvolgende appèl teen sowel skuldigbevinding as vonnis is na 'n voltallige regbank van die Transvaalse Provinsiale Afdeling verwys. Laasgenoemde het die appèl afgewys. Verlof om teen die vonnis alleen te appelleer is egter deur die HOOFGERECHTSHOF verleë.

Voor vonnisoplegging is daar by die verhoordrie vorige veroordelings weens oortreding van art 2(b) van Wet 41 van 1971 teen die appellant bewys. Ten opsigte van gemelde vorige veroordelings is die volgende vonnisse onderskeidelik opgelê:-

(1) Op 3.

(1) Op 10 Januarie 1974 lyfstraf van ses houe met 'n ligte rottang. (2) Op 5 November 1974 twee jaar gevangenis= straf in geheel voorwaardelik opgeskort vir drie jaar. (3) Op 22 Oktober 1977 twee jaar gevangenis= straf in geheel opgeskort vir drie jaar. Een van die opskortingsvoorwaardes was -

"dat hy nie die behandeling by Springkell Kliniek staak alvorens hy vrygestel word deur die psigiaterin bevel van die saak nie."

Wat betref die vonnis op 22 Oktober 1977 opgelê en met betrekking tot die hierbo aangehaalde opskortingsvoorwaarde het die landdros by vonnis oorweging die aandag gevestig op die "rehabilitasie-oogmerk" daarvan en hom toe soos volguitgelaat:-

"Maar dit is ook duidelik dat hierdie opgeskorte vonnis nie tot enige nut was nie."

In sy redes vir vonnis het die landdros vervolgens sekere faktore teen mekaar opgeweeg:-

"Dit is so dat getrag moet word by vonnis=oplegging om so min moontlik inbreuk te maak op

4.

op kosbare mense materiaal, op ekonomiese gebied asook sosiale gebied. Nou is dit sodat die belange van die gemeenskap ook op 'n sekere stadium sterk na vore moet tree en wat daar dus nou hier dus inbreuk gemaak is op belange van die gemeenskap, as die belange van die gemeenskap gesteur word soos in hierdie geval, dan is dit so dat die belange van die individu, van die persoon, dan vaagweg later in die agtergrond geskuif moet word. Die Hof is van oordeel dat gevangenisstraf in u geval 'n onafwendbare gevolg moet wees. Onder die omstandighede word u gevonnis tot twee jaar gevangenisstraf".

Mnr Ebersohn wat op bekwame wyse die appèl namens die appellant beredeneer het, het betoog dat uit hoofde van sekere beweerde mistastings by straftoemeting deur die verhoor=hof begaan hierdie Hof met die opgelegde vonnis moet inmeng. In die eerste plek het hy aangevoer dat die verhoor=hof se redes vir vonnis op die gevolgtrekking dui enersyds dat daarby vonnis oorweging 'n oor-aksentuering van die gemeenskaps=belang was, en andersyds dat daar aan die appellant se besondere posisie nie behoorlik oorweging geskenk is nie.

Hierby

5.

Hierby aansluitend is dan ook betoog dat met inagneming van al die omstandighede van die geval beskerming van die publiek nouliks die verwydering van die appellant uit diemaatskappy geverg het; en dat die landdros ietwat onkritiesgevangenisstraf as die aangewese en onvermybare strafaangemerkt het sonder dat hy meer gepaste alternatiewe (en in besonder die moontlikheid òf van verwysing na 'n rehabilitasiesentrum ingevolge art 296(1) òf van periodiekegevangenisstraf ingevolge art 285 van die Strafproseswet, 51 van 1977) oorweeg het. Tweedens het die appellant seadvokaat ter oorweging gegee dat die opgelegde vonnis sobuitensporig swaar is dat geen redelike hof dit sou opgelêhet nie.

Wat betref die verhoofhof se opweging van die gemeenskapsbelang teen dié van die veroordeelde in die saakis dit natuurlik korrek dat, na gelang van omstandighede,

eersgenoemde

6.

eersgenoemde belangriker as laasgenoemde mag wees. Wategter beklemtoon moet word is dat gemeenskapsbelang as verswarende faktor sterker na vore tree wanneer die misdadin sy wese sodanig is dat beskerming van die gemeenskap daarteen noodsaaklik is. Kyk: Du Toit, Straf in Suid-Afrika, bl 92. Gaan dit oor 'n misdaad wat vir die gemeenskap inherent verderflik is (soos bv die kweek van of smous metdagga) sal die belange van die maatskappy klaarblyklik meergewig dra as by die geval van 'n misdaad waardeur die gemeenskapsbelang nie so direk en nadelig getref word nie (soos bv die blote besit van dagga). Met hierdie oorwegingsin gedagte moet die kernfeite van die onderhawige geval inoënskou geneem word. Ofskoon sy vorige veroordelings die afleiding veroorloof dat die appellant na alle waarskynlikheid 'n gewoonteroker van dagga is, is die massa van die dagga in sy besit gevind uiters gering. Die appellant staan in 'n vaste diensbetrekking as 'n mynwerker. Dit is

oorbekend

7.

oorbekend dat ons land 'n nypende tekort aan geskoolde werkskragte ondervind. Die appellant onderhou sy moeder. In hierdie omstandighede, so meen ek, sal die gemeenskapsbelang allermens gedien word deur die ononderbroke gevangenhouding van die appellant vir 'n tydperk van twee jaar.

Ek hou deeglik voor oë dat die appellant driefvorige veroordelings weens dieselfde misdryf op sy kerfstokhet; en dat strafoplegging 'n funksie is wat hom nie tot maklike formulering leen nie. Desnietemin is ek van oordeel dat die appellant se advokaat gelyk het en dat die verhoorhof by vonnis oorweging dermate die maatskappybelang oorbeklemtoon die besondere posisie van die appellant geringgeskat het dat hy by straftoemeting nie 'n behoorlike diskresie uitgeoefenhet nie. Dit bring mee dat hierdie Hof regtens verplig is om met die vonnis in te gryp en om in

verband daarmee 'n eieen ongedwonge diskresie te laat geld. In die lig van laas=genoemde bevinding is dit onnodig om oorweging te skenk aan

mnr

8.

mnr Ebersohn se betoog dat die opgelegde vonnis van twee jaargevangenisstraf teenoor die vonnis wat hierdie Hof as verhoorhof sou opgelê het, in growwe wanverhouding staan.

By die voorwaardelike opskorting van die vonnis wat die appellant op 22 Oktober 1977 opgelê is, was psigiatrisiese behandeling van die appellant juis een van die opskortingsvoorwaardes. Met die oog daarop is ek van oordeel dat in die onderhawige geval verwysing na 'n rehabilitasiesentrum ingevolge art 296(1) van die Strafproseswet nie as vonnis sou deug nie. Periodieke gevangenisstraf betekengewoonlik in die praktyk dat 'n veroordeelde sy straf oornaweke, wanneer hy nie werk nie, sal uitdien. Hierdie vorm van gevangenisstraf is bygevolg uiters geskik vir veroordeeldes wat gewoonweg gedurende naweke nie in diens staan nie. Die appellant se advokaat het ons meegedeel dat die appellant met sy werkgewer sy werksure sodanig sal kan reël dat hy nie oor naweke aan diens sal wees nie. In *S v Erwee* 1982(3)

SA 1057 (A)

9.

SA 1057(A) het dit gegaan oor vonnis by 'n derde oortreding weens motorbestuur onder die invloed van sterk drank. Hierdie Hof het die opgelegde vonnis van een jaar gevangenisstrafersyde gestel en met 'n vonnis van 700 ure periodieke gevangenisstraf vervang. Met verwysing na die beslissings in *S v Nagel* 1970(2) SA 483(T) op 484 en *S v Bhadoo* 1971(1) SA 53 (N) op 54, laat DIEMONT, Wn AR hom op 1064H soos volguit:-

"Die Hof het al meermale in die verlede ingewysdes aangemoedig om meer dikwels van periodieke gevangenisstraf gebruik te maak, al skep dit somtyds administratiewe probleme."

Met inagneming van al die omstandighede van die onderhawige geval is ek van mening dat periodieke gevangenisstraf veeleerder as ononderbroke gevangenhouding 'n gepaste strafvonnis daarstel; en dat geregtigheid sou geskied as 'n periode van

500 ure bepaal was.

Die

10.

Die appèl slaag. Die vonnis van twee jaargevangenisstraf word vervang deur 'n bevel dat die appellant ingevolge art 285 van die Strafproseswet, 51 van 1977, 500 ure periodieke gevangenisstraf moet ondergaan.

G G HOEXTER, AR

JANSEN, AR) Stem saamNICHOLAS, WAR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1985/110.html>

CASE PAGE [https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-rive-unknown-topic-
asca-1985--6a3ea51a3b1caa9129810d79](https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-rive-unknown-topic-asca-1985--6a3ea51a3b1caa9129810d79)

Prepared on 10 October 2026 · Esheria